SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 7 NOVEMBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Die Oos Rand Radioklub kondig met hartseer aan dat OK Les Haarhoff, ZS6AAU, op Sondag 31 Oktober 2004 in die ouderdom van 84 jaar weggeval het. Les het meertallige beroertes gehad en is die laaste maand in die verswakte bejaarde eenheid behandel. Les was sedert 1943 'n lid van die Oos Rand Radioklub en sal baie deur sy vriende gemis word. Ons innige simpatie gaan sy familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag

JAARLIKSE HERDENKINGSDIENS

SARL HF=VELDDAG

MEGAVLOOIMARK IN PRETORIA

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

JAARLIKSE HERDENKINGSDIENS

Die jaarlikse herdenkingsdiens ter ere van radioamateurs wat in diens van Suid-Afrika gesterf het, word op Sondag 14 November om 10:45 oor die senders van Radio Sonder Grense uitgesaai. Die diens word gelei deur Ds. Hannes Enslin, ZR6JDE, leraar van die NG Gemeente Silverton. Ons versoek dat amateurs gedurende die uitsending radiostilte sal handhaaf.

SARL HF-VELDDAG

Die tweede been van die SARL se HF-Velddag is oor die naweek van 13 en 14 November op die lug. Dit begin om 12:00 SAT op Saterdag en eindig 24 uur later. Dit is die laaste SARL-kompetisie vir 2004.

Die doel van die kompetisie is om Suider-Afrikaanse stasies by 'n kompeterende en sosiale geleentheid onder gesimuleerde noodtoestande betrokke te kry, asook om die publiek oor amateurradio ingelig te hou. Die kompetisie is oop vir alle radioamateurs in Suider-Afrika.

Die 160, 80, 40 en 20 m-bande is die enigste bande wat gebruik mag word, en slegs foon- en GG-werking word toegelaat.

Die volledige reëls is met HF Happenings no 120 uitgestuur en is ook op die SARL se webwerf by by www.sarl.org.za beskikbaar.

NOVEMBER RAE

Die eksamennommers vir die November RAE is op die webblad van die SARL beskikbaar. Kandidate sal ook eersdaags per pos in kennis gestel word van hul eksamennommers en eksamenlokaalbesonderhede.

Die eksamen vind op 18 November om 19:00 by verskeie sentrums regoor Suid Afrika plaas.

MEGA-VLOOIMARK IN PRETORIA

Die Pretoria Amateurradioklub sal weereens hul MEGA-vlooimark op die Suidkampus van die Universiteit van Pretoria op Saterdag 27 November 2004 beginnend om 09:00 hou. Tafelbesprekings kan by Almero, ZR6RY, by 082 908 3359 gemaak word, nie later as 1 week voor die geleentheid nie.

VERJAARSDAGSAAMTREK

Die "Garden Route Radio Club" en die Suid-Kaap Amateurradioklub het albei hulle respektiewelike verjaarsdae op die 6de November by die Garden Route Casino se Admirals Restaurant in Mosselbaai gevier.

G.R.C. was op die 1ste November 10 jaar oud en S.K.A.R. 5 jaar. Die twee klubs het besluit om hulle verkillende verjaarsdae saam te vier met 'n einde-van-die-jaar funksie.

Die stigterslede het die verrigtinge as spesiale gaste bygewoon. Ons het 'n heerlike middagete met spesiaal ge-ettiketterde/gebottelde wyn vir die okkasie geniet.

Ek will graag van die geleentheid gebruik maak om namens alle amateurs albei klubs geluk te wens. Hierdie is 'n klassieke voorbeeld van hoe klubs kameraadskap tussen radio amateurs kan bewerkstellig.

Aldus Chris Meyer, ZS1M, vir die GRC/SKAR 2004 Verjaarsdagkomitee.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, laat weet dat die afgelope twee weke gekenmerk was deur buitengewone onverwagte gebeurtenisse wat sonaktiwiteite aangaan. Hierdie is maar net weereens 'n bewys van hoe onvoorspelbaar sonaktiwiteite is. Dit is ook 'n bewys dat, gedurende swak toestande, uitmuntende geleenthede vir DX kan voorkom. "Hou die radios aan" is glad nie so vergesog nie! Op 31 Oktober het die sonvlekgetal oor die 160 gegaan- die tweede keer binne 'n week. Op Donderdag was die sonvlekgetal 86,9. Dit het oor die afgelope aantal dae redelik stabiel gebly. Op 3 November was sonaktiwiteite baie hoog en daar was sonwinde tussen 321 en 416km/sek. Stormagtige toestande is op die 6de November moontlik. Op en 8 November mag toestande baie verbeter as gevolg van invloei van koronamassa na die aarde.

LUISTER NA MM-DIENSNET

Luister na die VSA se Maritieme Mobliele Diensnet op 14 300 kHz HSB daagliks tussen 16:00 UTC en 03:00 UTC by www.mmsn.org wat oudio uitstuur oor die internet oor hierdie webtuiste vanaf die maritieme net. Baie interresant, en enigeen op enige plek ter wêreld met 'n rekenaar en gekoppel aan die internet kan na seiljagaktiwiteit hier, in die VSA en die Karibieseeilande luister. Laai Windows Media Player af vanaf http://www.microsoft.com/windows/windowsmedia/download/default.asp en gaan dan na www.mmsn.org en klik op "Listen live.

Miskien kan die Durbanse Maretieme net dieselfde doen deur 'n plaaslike nodus daaraan te wy of deur 'n ander amateur daar naby wat aan die internet gekoppel is.

DAGBOEK VAN GEBEURE

13 November Byeenkoms by die Randse Lughawe; 13-14 November Tweede been van die SARL HF-velddag; 14 November Jaarlikse herdenkingsdiens op Radio Sonder Grense. Amateurs word gevra om radiostilte te handhaaf gedurende die diens; 18 November Volgende RA-eksamen; 21 November Volgende Presidentsnet en Integnet; 27 November Megavlooimark in Pretoria; 30 November 2004 Laaste dag vir indiening vir Nominasies en Mosies vir 2005 AJV; 9 April 2005 AJV van die SARL.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX